

10 April 2018

Geagte Ouers

Baie welkom terug na 'n kort, maar welkome ruskansie. Ons vertrou dat die Paastyd saam met u gesin en geliefdes genotvol was.

EERSTE KWARTAAL

Die eerste kwartaal het met sy baie besige en druk program besonder glad verloop. Die nuwe Gr 1's (en hul mammas) sowel as al die ander nuwelinge het vinnig hulle voete gevind en begin inskakel by al die skool se aktiwiteite.

Die kwartaal sal seker vir altyd onthou word vanweë die aanpassings wat gemaak moes word ten opsigte van ons tekort aan water. Ons spreek die wens uit dat die hemelse sluise hierdie winter sal oopmaak.

AKADEMIESE VERERING

Laerskool De Hoop is deur die Minister van Onderwys, Me. Debbie Schäfer, en die Hoof van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, Mnr. Brian Schreuder, vereer vir ons akademiese standaard gehandhaaf in die 2017 sistemiese evaluering. Die Gr 3- en Gr 6-leerders se Taal- en Wiskundevaardighede is deur 'n eksterne paneel geëvalueer en De Hoop bevind hom onder die top 10 skole in die Wes-Kaap Provinsie. De Hoop is ook die enigste laerskool vanuit hierdie streek wat 'n toekenning ontvang het. (Sien foto's op D6.)

HOOGTEPUNTE

Ek verwys u graag na die volledige sportverslag wat einde verlede kwartaal op die D6 kommunikeerder gelaai is. 'n Klomp prestasies waarop ons baie trots kan wees, word daarin uitgelig.

Om slegs enkeles te noem:

- De Hoop wen Benbel Interskole in atletiek sowel as swem.
- Meisies wen die Sun City Tennistoernooi en die seuns eindig derde.
- Hanmaré McAslin verteenwoordig SA op die tennisbaan as die SA o/12 no 1 speler.
- 3 Atlete hou ons naam hoog tydens die SA Junior Atletiekkampioenskappe en kom met twee medaljes terug.
- 6-aan-'n-kant-kriekettoernooi vir pa's geborg deur King Pie en Rola Motors.
- Die verkiesing van die nuwe beheerliggaam.

- Die jaarlikse *De Hoop's got Talent* het weereens gesorg vir vermaak uit die boonste rakke en ons is bederf met 'n skitterende gala-aand.

REVUE

'n Groep sangers uit elke graad het die afgelope kwartaal baie hard gewerk aan die klankbaan van ons revue. Noudat die opnames gemaak is, begin die opgewondenheid opbou en sal ons eersdaags kan begin met die inoefen van die danse. Dankie, by voorbaat, aan al die ouers wat weer gaan help met die kostuums en organisasie van hierdie groot produksie.

Reserveer solank die datums 13 – 18 September.

TWEEDE KWARTAAL

Soos gewoonlik, word die tweede kwartaal gekenmerk deur 'n langnaweek (27 April – 1 Mei), wintersportdae op Saterdag (sien die datumlys op die D6), die Stellenbosch Kunswedstryd en die eksamen vir gr 4 – 7.

D6 KOMMUNIKEERDER

Ons rig weereens 'n ernstige beroep tot ons ouers om hierdie toepassing op hul fone en rekenaars af te laai, aangesien dit ons hoof middel van kommunikasie met u as ouer is. Kyk asseblief daagliks daarna vir nuwe inligting wat deurgegee word.

SONDE MET DIE BURE

Nee, dit is die bure wat sonde met ons ouers het. Respekteer asseblief te alle tye verkeersreëls en moet onder geen omstandighede voor bure se ingange of op sypaadjies parkeer nie.

KANSELLERING VAN SPORT OP REËNDAE

Wanneer die welkome winterreëns ons gaan tref, is dit altyd 'n uitdaging om te besluit of ons voortgaan met sport of dit moet afstel. Soos u die Kaapse weer ken, verander dit binne minute.

Die volgende word in ag geneem tydens 'n besluit:

- Ons eerste opsie is om te probeer voortgaan met aktiwiteite.
- Kinders het nie altyd handdoeke en droë klere by hulle nie.
- Hoeveel reën word voorspel en wat is die temperatuur en windsterkte. 'n Paar webwerwe word geraadpleeg.
- Besluite word 'n uur voor die skool sluit geneem en indien sport gekanselleer word, word dit op die D6 geplaas. M.a.w. geen aankondiging beteken sport gaan voort.
- Indien daar besluit word om te kanselleer en die weer word nie erger nie, vergewe ons maar asseblief.
- Indien die besluit was om voort te gaan met sport en die weer verswak, sal die afrigter op die veld 'n besluit neem.

Dankie vir u samewerking.

VOORSTELLE

Die nuwe Beheerliggaam, tesame met die Skoolbestuurspan, gaan koppe bymekaarsit oor waar en hoe ons De Hoop na nog hoër hoogtes kan neem. Indien u voorstelle of behoeftes tot verbetering van die skool het, plaas dit asseblief op skrif en e-pos dit na head@dehoopps.co.za . U insette word waardeer en ons sal graag daarna kyk.

Indien daar persoonlike irritasies is, maak asseblief 'n afspraak om met my te kom gesels. Saam kan ons koppe bymekaarsit en oplossings probeer vind.

SPORT: GEDRAG LANGS DIE VELD

Ons as De Hoopers was nog altyd baie trots op ons ondersteuners se baie goeie gedrag langs die sportveld. Positiewe aanmoediging word ondersteun, maar ons versoek u om u asseblief te weerhou van opdragte aan u kind of spelers vanaf die kantlyn. Dit maak die spelers net deurmekaar. Die afrigter is die enigste wat opdragte aan spelers mag gee. Weerhou u asseblief veral van negatiewe kommentaar teenoor skeidsregters en moet asseblief nie beslissings van die kant skree nie. Dit het nog nooit 'n positiewe uitwerking tot gevolg gehad nie.

Dit is altyd moeilik om spanne so vroeg en vinnig in die seisoen uit te sorteer. Indien u kind nie in dieselfde span begin as waarin hy/sy verlede jaar gespeel het nie, gebruik die geleentheid om hom/haar te leer hoe om dit te verwerk en net harder te werk om weer in die hoër span te speel. Die Springbokspan word nie op laerskool gekies nie.

TER AFSLUITING

Ons wens almal 'n wonderlike kwartaal toe en sien uit na al die nuwe uitdagings wat op ons wag.

Vriendelike groete

JW Cillie
SKOOLHOOF

